



Tel: +27 (0) 41 922 – 5510 | Cell: +27 (0) 82 523 8201 | Fax: +27 (0) 86 614 5354 | E-mail: [manager@chasa.co.za](mailto:manager@chasa.co.za) | Website: [www.chasa.co.za](http://www.chasa.co.za)  
SAPS Hunting Association Accreditation Number: 1300018 | SAPS Sport Shooting Association Accreditation Number: 1300104  
NPO Registration Number: 241-187 NPO

28 JULIE 2020

## VERWERKTE RESULTATE VAN CHASA SE OPNAME OOR WILDSVLEIS EN DIE BETEKENIS DAARVAN

CHASA (Die Konfederasie van Jagtersverenigings van Suid Afrika) het gedurende Mei 2020 'n opname oor die jag van diere en die gebruik van die vleis wat so bekom word, onder Suid Afrikaanse jagters gedoen. Dit rede vir die opname was om feitelike inligting te bekom sodat 'n behoorlik gefundeerde standpunt geformuleer kon word rakende die verbruik van wildsvleis deur plaaslike jagters. Die vraelys is aan al die vernaamste jagtersverenigings beskikbaar gestel vir verspreiding onder hul lede en het ook via sosiale media versprei na jagters wat nie aan jagtersverenigings behoort nie. 'n Uitstekende reaksie is vanaf jagters ontvang en 'n totaal van 6684 bruikbare vraelyste is terug ontvang. Dit is sover ons kennis strek die beste respons wat nog met 'n opname onder Suid Afrikaanse jagters behaal is. Hierdie uitstekende respons maak dit moontlik om die resultate te ekstrapoleer en om sodoende resultate te verkry vir die totale plaaslike jagbedryf.

Die resultate van die opname bring 'n paar baie interessante feite aan die lig.

- i) Soos te wagte was, bevestig die opname dat plaaslike jagters 'n enorme bydrae tot die Suid Afrikaanse wildbedryf lewer. 'n Konserwatiewe beraming op grond van die inligting wat uit die opname verkry is, dui aan dat Suid Afrikaanse jagters meer as 2.25 miljoen diere jaarliks jag. Dit maak plaaslike jagters verreweg die grootste kliënte van grondeienaars wat wild besit. Vorige navorsing wat gedoen is beraam dat plaaslike jagters sowat R11.6 miljard bydra tot die Suid afrikaanse ekonomie. Inligting uit hierdie opname bevestig die reuse bydrae van plaaslike jagters.
- ii) Die feit dat jagters hierdie getal diere jag, onderstreep die bydrae wat jagters lewer tot die bestuur van wildgetalle en daarom ook tot bewaring. Deur wildgetalle te beheer word oorbeweiding voorkom en word verseker dat die benutting van gras, bome en struik wat die basis vorm van alle diereproduksie, volhoubaar geskied.
- iii) Die vleis wat deur jag verkry word, word hoofsaaklik vir eie gebruik deur die jagter se eie familiekring benut. Vleis word egter ook aan die wyer familiegroep, vriende en personeel beskikbaar gestel en ook geskenk aan kerke of welsynsorganisasies.
- iv) Addisioneel tot die bostaande aanwending van wildsvleis, is daar 'n betekenisvolle aantal jagters (14.06%) wat vleis verwerk en wat dan die produkte op informele wyse bemark. Hierdie verbruik wissel vanaf klein hoeveelhede wat verwerk en bemark word tot tuisnywerhede waar groter





Tel: +27 (0) 41 922 – 5510 | Cell: +27 (0) 82 523 8201 | Fax: +27 (0) 86 614 5354 | E-mail: [manager@chasa.co.za](mailto:manager@chasa.co.za) | Website: [www.chasa.co.za](http://www.chasa.co.za)  
SAPS Hunting Association Accreditation Number: 1300018 | SAPS Sport Shooting Association Accreditation Number: 1300104  
NPO Registration Number: 241-187 NPO

hoeveelhede vleis verwerk en informeel bemark word. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie gebruik reeds vir baie jare bestaan en dat dit 'n mark verskaf vir die wild wat grondeienaars produseer. Daar moet ook in gedagte gehou word dat hierdie verwerkingsbedrywighede jagters in staat stel om groter hoeveelhede wild te jag, wat bydra tot die skepping van 'n mark vir wild. In 'n land met beperkte werkseleenthede moet hierdie bydrae deur jagters erken word en moet wetgewing en beleid hierdie bedrywighede eerder aanmoedig as beperk, aangesien werkseleenthede hierdeur geskep word.

Na aanleiding van die inligting wat uit die opname verkry is en kortliks hierbo opgesom is, het CHASA die volgende standpunt ten opsigte van die gebruik van wildsvleis ingeneem:

- i) Ons erken jagters se regte om hul kulturele gebruike van wildsvleis te behou en sal hierdie regte beskerm en bevorder;
- ii) Ons verwerp enige pogings om beperkings te plaas op die aantal wild wat jagters mag jag;
- iii) Ons eis dat die gebruik erken word dat jagters op informele wyse vleis aan familie en vriende beskikbaar stel;
- iv) Ons erken die gebruik dat jagters op beperkte skaal wildsvleis verwerk en op die informele mark verhandel;
- v) Ons ondersteun die beginsel dat wildsvleis wat op formele markte verkoop word (bv kettingwinkels) aan die vereistes van die wetgewing moet voldoen en dat wildoes operateurs hierin 'n verneme rol kan speel.

CHASA sal saamwerk met ander rolspelers in die bedryf wat hierdie standpunte ondersteun en sal ons standpunte op 'n verantwoordelike maar besliste wyse aan die owerhede oordra.

**Pieter van Niekerk**

**CHASA President**



**Freedom to Hunt / Vryheid om te Jag**

